



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

VISUELE KUNSTE V1

FEBRUARIE/MAART 2010

PUNTE: 100

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede demonstreer:

- Die gebruik van die korrekte kunsterminologie.
- Die gebruik en implementering van visuele ontleding en kritiese denke.
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n geskiedkundige en kulturele konteks.
- Die plasing van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale en historiese konteks.
- 'n Begrip van eiesoortige kreatiewe style.

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord:

1. Hierdie vraestel bestaan uit TIEN vrae.
2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.
3. Nommer die antwoorde en onderafdelings van vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Vrae verskyn op die linkerkantste bladsye, met visuele bronne op die regterkantste bladsye.
5. Maak seker dat jy na die afgebeelde kleur visuele bronne verwys waar dit vereis word.
6. Geen punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word nie. Kruisverwysings na kunswerke is toelaatbaar.
7. Noem die kunstenaar en titel van elke kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.
8. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag.
9. Skryf netjies en leesbaar.

WOORDELYS

Gebruik die volgende woordelys om seker te maak dat jy verstaan hoe om 'n spesifieke vraag aan te pak:

Besinning:	Om 'n gebeurtenis of ervaring uit die verlede en die impak wat dit gehad het, te bedink (of: daaroor te reflekteer)
Bespreek:	Stel jou standpunt en gee redes vir jou stellings.
Estetika:	Teorie van skoonheid en kuns en die begrip van mooi ('beautiful') dinge
Innovering:	'n Nuwe skepping ('n nuwe toestel of proses) wat ontstaan uit studie en eksperimentering
Interpreteer:	Ontleed en evalueer (gee 'n ingeligte mening oor) 'n kunswerk. Kontekstualiseer dit histories, kultureel, sosiaal, ensovoorts, en motiveer jou bevindinge deur na spesifieke voorbeelde te verwys.
Motiveer:	Om te substansieer
Noem:	Gee presiese feite en sê direk wat jy dink – gee jou opinie sowel as 'n verduideliking.
Ontleed:	'n Gedetailleerde en logiese bespreking van formele elemente, soos lyn, kleur, toonwaardes, formaat en komposisie van 'n kunswerk
Substansieer:	Om met bewyse te ondersteun
Verduidelik:	Maak jou stellings duidelik en gee redes daarvoor.
Vergelyk:	Dui die verskille en ooreenkomste aan op 'n geordende wyse binne dieselfde argument.
Samevatting:	Om die essensiële kenmerke saam te vat
Versoening:	Die herstel van goeie verhoudinge
Visuele bronne:	Die visuele afbeeldings wat in hierdie vraestel verskyn

BEANTWOORD ENIGE VYF VRAE.**VRAAG 1: DIE OPKOMENDE STEM VAN SWART KUNS IN DIE 1950's EN 1960's**

Deur die eeue het kunstenaars gekies om vroue op verskeie maniere uit te beeld. Die vele verskillende aspekte van vroue is uitgedruk, van die tipiese 'aardsmoeder' tot die 'verleidster'.


- 1.1 Bestudeer die visuele bronne in FIGUUR 1a tot 1c en bespreek (ongeveer EEN bladsy) die wyse waarop hierdie kunstenaars in hul werk na die vroulike vorm verwys het. (8)
- 1.2 Skryf 'n opstel van ten minste 1½ bladsye waarin jy voorbeelde bespreek van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het, wie se werk die invloed van internasionale/oorsese kuns en/of Afrikakuns toon.
- Sluit die volgende inligting by jou opstel in:
- Naam van kunstenaar(s) en titel van werk(e)
 - Onderwerp
 - Styl van kunswerke
 - Konteks van werk – in terme van plaaslike en internasionale invloede
- (12)
[20]



FIGUUR 1a: Gerard Sekota, *The artist's mother and stepfather* (*Die kunstenaar se moeder en stiefvader*), 1946. Olieverf op doek.



FIGUUR 1b: George Pemba, *Portrait of the artist's mother* (*Portret van die kunstenaar se moeder*), 1946. Olieverf.
Kopiereg voorbehou



FIGUUR 1c: Willem de Kooning, *Woman 1* (*Vrou 1*), 1950 – 1952. Olieverf.

VRAAG 2: SOEKE NA 'N AFRIKA-IDENTITEIT IN SUID-AFRIKAANSE KUNS

'n Soeke na ware identiteit is wanneer 'n persoon of kunstenaar na sy/haar kulturele 'wortels' deur middel van visuele kunsvorms soek.

- 2.1 Walter Battiss het Suid-Afrikaanse rotskuns nagevors en het moontlik hierdeur sy eie kulturele 'wortels' ontdek. Bestudeer FIGUUR 2a en 2b en skryf 'n opstel (ongeveer EEN bladsy) waarin jy die verskille en ooreenkomste tussen die twee kunswerke bespreek.


Jou antwoord moet die volgende insluit:

- Beeldgebruik
- Gebruik van medium en tegniek
- Formele kunselemente
- Stilering
- Enige ander inligting wat jy met hierdie afbeeldings kan verbind (8)


- 2.2 Skryf 'n opstel van ten minste 1½ bladsye waarin jy die kunswerke van enige TWEE kunstenaars bespreek wie se werk 'n soeke na hul kulturele wortels uitbeeld.

Oorweeg die volgende:

- Gebruik van medium en tegniek
 - Invloede
 - Stilistiese kenmerke
 - Vestiging van 'n ware Afrika-identiteit in hulle kunswerke (12)
- [20]**



FIGUUR 2a: Walter Battiss, ***Symbols of life (Simbole van lewe)***. Onbekende datum.



FIGUUR 2b: ***San-rotskuns***, onbekende kunstenaar(s). Onbekende datum.

VRAAG 3: KUNS EN POLITIEK: WEERSTANDSKUNS ('RESISTANCE ART')

Kuns is nog altyd as 'n instrument in politiek gebruik, óf as propaganda óf as weerstand. Van voorbeelde wat die mag van leiers toon, tot die kwessies rondom sosiopolitieke verandering in Suid-Afrika, het kuns die mag om op baie verskillende vlakke te kommunikeer.

- 3.1 Die visuele bronne in FIGUUR 3a tot 3d verteenwoordig 'n breë spektrum kulture en periodes, maar het tog baie met mekaar gemeen.

Deur na enige TWEE voorbeelde wat jy bestudeer het, te verwys, noem of jy met die bostaande stelling saamstem. Motiveer jou antwoord deur 'n kort opstel (EEN bladsy) te skryf, waarin jy die ooreenkomste en/of verskille tussen die twee voorbeelde bespreek.

Gebruik die volgende as 'n riglyn:

- Gebruik van formele kunselemente
- Komposisie
- Tema/Moontlike boodskap/betekenis
- Jou reaksie op die visuele bronne
- Dra hulle 'n boodskap van mag of weerstand suksesvol oor?

(8)

- 3.2 Skryf 'n opstel van ten minste 1½ bladsye waarin jy na ten minste EEN kunstenaar of EEN groep kunstenaars verwys wat sy/haar/hulle kuns as 'n instrument vir weerstand of propaganda gebruik het.

Verwys na die volgende:

- Naam van die kunstenaar(s) of groep kunstenaars
- Titel van die kunswerke (waar van toepassing)
- Media en tegniek
- Invloede
- Stilistiese kenmerke
- Sukses van kuns as 'n instrument vir weerstand of propaganda

(12)
[20]

WOORDELYS:


Propaganda:	Inligting wat versprei word met die doel om 'n sekere saak te bevorder
Weerstand:	Om iets waarmee jy nie saamstem nie of wat jy afkeur, teen te staan



FIGUUR 3a: Eugene Delacroix, *Liberty leading the people (Vryheid lei die volk)* (detail). Olie op doek.



FIGUUR 3b: Hubert Lanzinger, *The flagbearer (Die vaandeldraer)*, 1937. Olie op doek.



FIGUUR 3c: Johan Kannemeyer, *N is for nightmare (N is vir nagmerrie)*.



FIGUUR 3d: Gino Boccasile, *Anti-semitiese poskaart deur Fascistiese propaganda*, 1943 – 1944.

VRAAG 4: KUNSVLYT EN TOEGEPASTE KUNS

'Art and Craft in the eye of the Beholder?
Curio, collectable, craft and art. Is there a difference?'
(Vrye vertaling: 'Kuns en Kunsvlyt deur die oog van die Bewonderaar?
Kuriositeit, versamelstuk, kunsvlyt en kuns. Is daar 'n verskil?')

– Penny Haw, *Business Day Art*, Maart 2004

- 4.1 In die vorm van 'n opstel (ongeveer EEN bladsy), bespreek jou begrip van die woorde *kuriositeit*, *versamelstuk*, *kunsvlyt* en *kuns*. Verwys na FIGUUR 4a tot 4d as verwysingspunte.

Gebruik die volgende riglyne:

- Verskille/Ooreenkomste tussen tradisionele of kontemporêre benaderings
- Estetiese/Kunswaarde van die kuns-/kunsvlytwerk
- Teikenmark

(8)

- 4.2 In die vorm van 'n opstel van ten minste 1½ bladsye, bespreek die werk van enige TWEE kunstenaars van kunsvlyt of toegepaste kuns wat jy bestudeer het.

Verwys na die volgende:

- Name van kunstenaars
- Bespreking van medium en tegniek wat gebruik is
- Gebruik van dekoratiewe elemente
- Invloede – kultureel, sosio-ekonomies, beskikbaarheid van materiaal

(12)
[20]



FIGUUR 4a: **Kralewerk/Weefwerk**



FIGUUR 4b: **Houtkurio's**



FIGUUR 4c: **Plastiekeetgerei**



FIGUUR 4d: **Keramiek**

VRAAG 5: KUNS EN MAG – GEDENKTEKENS, GEDENKGEBOUE EN KUNSWERKE**Gedenktekens/-geboue kan tydelik of permanent wees ...**

Kunstenaar Willem Boshoff het tydelike tuine met kunsblomme geskep wat mens laat terugdink aan die gedenktuine in Europa. Blomme is nog altyd as 'n uitdrukking van simpatie in hartseer tye aangebied. Boshoff gebruik simboliese kleur wat die verlies wat die wêreld ervaar het, uitbeeld.

Hoekom is gedenkgeboue/gedenktekens en argitektuur sulke kragtige vorme van uitdrukking?

Deur na die stelling hierbo te verwys, asook die visuele bronne in FIGUUR 5a en 5b of bronne van jou eie keuse, skryf 'n opstel van ten minste 2½ bladsye waarin jy die volgende insluit:

- Name van voorbeelde van ten minste TWEE gedenkgeboue/gedenktekens wat jy bestudeer het
- Gebruik van materiale en tegnieke
- Belangrikheid van die terrein van die gebou/struktuur
- Doel/Funksie van die gebou/struktuur
- Bespreking van dekoratiewe kenmerke/beelde, waar van toepassing
- Jou reaksie op hierdie strukture en hul betekenis

[20]



FIGUUR 5a: Willem Boshoff, *Tuin van woorde*, 2007. Installasie, Kirstenbosch.



FIGUUR 5b: Willem Boshoff, *Tuin van woorde* (detail), 2007.
Installasie, Kirstenbosch.

VRAAG 6: DIE ROL VAN FORMELE EN INFORMELE KUNSSENTRUMS IN DIE OPLEIDING VAN KUNSTENAARS GEDURENDE APARTHEID/POST-APARTHEID SUID-AFRIKA

Toe swart kunstenaars die reg ontsê is om kuns by groot tersiêre instellings te studeer, het verskeie kunsopleidingsentrums gedurende die 1950's en 1960's in Suid-Afrika ontstaan. Baie studente wat die Rorke's Drift Kuns- en Kunsvlytsentrum besoek het, het van sendingskole af gekom. Baie van die onderwerpe wat gebruik is, was godsdienstig van aard of uitbeeldings van daaglikse gebeure. Christelike mitologie is dikwels verweef met die stories van Afrika wat van persoon tot persoon oorvertel is.

6.1 Bestudeer die twee visuele bronne (FIGUUR 6a en 6b) en skryf 'n ontleding (ongeveer EEN bladsy) van die twee werke. Jou antwoord moet die volgende insluit:

- Bespreking van die keuse van medium
- Gebruik van kunselemente
- Tegniek en styl
- Onderwerp

(8)

6.2 Skryf 'n opstel (ongeveer 1½ bladsye) waarin jy EEN kunssentrum wat jy bestudeer het, bespreek, asook die werk van ten minste EEN kunstenaar van daardie kunssentrum wie se werk die stilistiese rigting en filosofie van die kunsskool verteenwoordig.


Jou opstel moet die volgende inligting bevat:

- Naam van kunssentrum
- Tipe opleiding wat verskaf word
- Befondsing
- Filosofie van die sentrum
- Naam van kunstenaar
- Onderwerp
- Stilistiese kenmerke
- Tegniek

(12)
[20]



FIGUUR 6a: Azaria Mbatha, *Josef en Maria – die vlug na Egipte*, 1960. Linosnee.



FIGUUR 6b: John Maufangejo, *Judas Iskariot*, datum onbekend. Linosnee.

VRAAG 7: MULTIMEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA


Damien Hirst is 'n Britse kunstenaar. Sy *Golden calf (Goue kalf)* en *Diamond skull (Diamantskedel)* is in wese verdoemings van hoe vuurwarm en mal die kunsmark kan wees. Die *Golden calf (Goue kalf)* is vir R130 miljoen op 'n veiling verkoop.

- 7.1 Bestudeer die visuele bronne, FIGUUR 7a tot 7d, en die teks hierbo, en skryf 'n kort opstel (ongeveer EEN bladsy) waarin jy ontleed hoe Damien Hirst diverse beelde en media in sy kunswerke gebruik het om kwessies soos mortaliteit, versiering en die wispelturigheid van die internasionale kunsmark te ondersoek.

Motiveer jou antwoord deur die volgende te oorweeg:

- Onderwerp
- Formele kunselemente
- Style/Medium en tegnieke
- Jou interpretasie van die werke
- Verryk of verlaag sy werk die status van kuns? (8)

- 7.2 Skryf 'n opstel van ten minste 1½ bladsye waarin jy ten minste TWEE spesifieke kunswerke bespreek wat jy bestudeer het, waar die kunstenaar(s) multimedia op 'n kontemporêre manier gebruik het. (12)
[20]



FIGUUR 7a: Damien Hirst, ***For the love of God (Vir die liefde van God)***, 2007. Industriële diamante op 'n gietstuk van 'n menslike skedel.



FIGUUR 7b: Damien Hirst, ***Make believe (Voorgee)***, 2008. Gemengde media en lekkers.



FIGUUR 7c: Damien Hirst, ***Zebra (Sebra)***, 2008. Sebra in 'n glastenk met formaldehiede.



FIGUUR 7d: Damien Hirst, ***Golden calf (Goue kalf)***, 2008. Gemengde media, kalf in formaldehiede, 18 karaat goue horings en sonskyf.

VRAAG 8: KUNS EN DIE SPIRITUELE KONTEKS – KWESSIES RAKENDE GELOOFSTELSELS EN DIE GEWYDE IN KUNS

Spirituele en godsdienstige kunswerke dra 'n nie-verbale boodskap oor, watter vorm dit ook al aanneem en ongeag kultuur, godsdiens, datum of plek. In die verlede was slegs die hoogs geskooldes en lede van die kerk in staat om te lees. Visuele beelde is dus gebruik om spirituele idees aan die ongeletterde massas oor te dra.

- 8.1 Bestudeer die wye verskeidenheid beelde in FIGUUR 8a tot 8d, wat almal met godsdiens en spiritualiteit verband hou. Verduidelik in jou eie woorde (ongeveer EEN bladsy) die boodskap wat deur elke beeld oorgedra word. Noem ook die doeltreffendheid van hierdie beelde om 'n spirituele of godsdienstige idee te illustreer. (8)
- 8.2 In 'n opstel (ongeveer 1½ tot 2 bladsye), ontleed en vergelyk die kunswerke van TWEE kunstenaars wie se temas met die gewyde en/of godsdiens verband hou.

Verwys na die volgende:

- Naam van die kunstenaar(s) en titel(s) van die kunswerke
- Formele kunselemente
- Gebruik van medium en tegniek
- Gebruik van beelde om idees oor te dra
- Stilistiese eienskappe
- Godsdienstige of spirituele betekenis (dit kan persoonlik of universeel wees)

(12)
[20]



FIGUUR 8a: Pippa Skotnes, **Lam van God**, 2003. Installasie wat die geraamtes van perde, kruise, stories van die /xam-bosmense van die Kalahari, asook fotografiese werke en werke wat oor Katolieke Christenskap handel, insluit. Die geraamte is in boeke verander deur op die oppervlak van die bene te skryf en dit te verguld, en deur bladsye in fyn perkament en ander waardevolle materiale by te voeg. Kultuur-historiese Museum, Oslo.



FIGUUR 8b: Salvador Dalí, **The temptation of Saint Anthony (Die verleiding van St. Antonie)**, 1946. Olie op doek.



FIGUUR 8c: 540 v.C. Detail uit 'n Christelike gebrandskilderde venster. Onbekende titel.



FIGUUR 8d: Michael Zondi, **Kop van 'n profeet**, 1977. Hout.

VRAAG 9: GESLAGSKWESSIES

'n Mens is so gewoon daaraan dat die man en vrou op 'n stereotipiese manier in die media uitgebeeld word. Baie kunstenaars bevraagteken hierdie stereotipes in hulle werk.


Skryf 'n opstel van ten minste 2 tot 2½ bladsye waarin jy bespreek hoe kunstenaars hierdie stereotipes in hulle werk bevraagteken of aanvaar het. Jy mag na die visuele bronne (FIGUUR 9a tot 9d) en/of enige ander spesifieke kunstenaars wat jy bestudeer het, verwys.

Jy moet die volgende by jou antwoord insluit:

- Name van die kunstenaar(s) en titel van werk(e)
- Aspekte van geslag en stereotipering wat in die werk(e) uitgebeeld word
- Styl en tegniek gebruik
- Enige ander toepaslike inligting

[20]**WOORDELYS**

Stereotipe: 'n Vooropgestelde idee wat vals of verkeerd is – dikwels verbind met vooroordeel




FIGUUR 9a: Frida Kahlo, **Self-portrait with cropped hair (Selfportret met kortgeknipte hare)**, 1940. Olie op doek.



FIGUUR 9b: Kate Moss, Chanel Parfuum, 2004.



FIGUUR 9c: Eric Fischl, **The bed, the chair, dancing, waiting (Die bed, die stoel, dansend, wagtend)**, geen datum. Olie op doek.



FIGUUR 9d: Zanele Muholi, **Martin Machepa**, 2006. Fotografiese beeld.

VRAAG 10: KONTEMPORÊRE ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

Beide plaaslike en internasionale argitekte streef tans daarna om esteties bevredigende, maar volhoubare geboue te skep. Van wolkekrabbers en korporatiewe geboue tot woonhuise, word die uitdaging om hierdie materiale verstandig te gebruik, regoor die wêreld waargeneem.

Gebruik die aanhaling hierbo as 'n beginpunt, en skryf 'n opstel (ten minste 2 tot 2½ bladsye) waarin jy enige TWEE voorbeelde van kontemporêre argitektuur beskryf wat jy bestudeer het. Jy mag na visuele bronne, FIGUUR 10a tot 10b, of enige van jou eie keuse, verwys.


Die volgende moet by jou opstel ingesluit word:

- Naam van geboue en argitekte
- Funksie en terrein
- Styl en gebruik van materiale en boutegnieke
- Sosio-ekonomiese en omgewingskwessies
- Geldige redes waarom hierdie geboue jou inspireer

[20]



FIGUUR 10a: Dr. David Fisher, ***Dinamiese argitektuur – Die roterende toring.***
Onbekende datum.



FIGUUR 10b: Herzon en De Meuron, ***Nasionale Stadion, Beijing***, 2007.

TOTAAL: 100